## SLEUTEL TOT DIE SKRIF (18.04.1840) HIM1.008

Sleutel tot Interpretasie van Boodskappe vanuit die Anderkant

01] **JaHshua** spreek: Waar dit klink of Ek die minste sê, sê Ek die meeste. - En waar dit klink of Ek die meeste sê, sê Ek net soveel as wat julle in staat is om te verdra.

02] Mag dit vir julle 'n nuwe sleutel tot hierdie Skrif van My wees!

## DIE WÊRELDSE REGEERMAG (18.04.1840) HIM1.008

**Hoe om wêreldse regeermag behoorlik aan te wend**

01] Hierdie paar woorde word gerig aan Andr. H. (Andreas Hüttenbrenner, Burgemeester van Graz), wat 'n amptelike pos beklee, wat 'n reg is tot die tydelike beswil van die wêreld se grotes, deur die kleineres en swakkes, wat sonder krag en mag in die wêreld is, hul te onderdruk en dan die magtiges verniet te voed, vir niks anders nie as die instandhouding van 'n reg wat al die laste dan op hulle swakke skouers plaas.

02] Afgesien van My Liefde in julle en die gevolglike Wysheid, wat gesamentlik die ewige Orde is waaruit alles wat daar is, gemaak is, van die grootste tot die kleinste, alles in eindelose getalle, is daar nêrens ‘n reg, anders as bloot in hierdie Liefde van My, wat graag alles gee wat sy het, wat niks bekom ten einde meer te besit nie, maar (slegs) om des te meer te kan gee. My Liefde wat niks vernietig nie, maar net wil om alles te bewaar, sodat niks ten gronde gaan nie, wat altyd bereid is om alles vir andere te dra, sodat dit met almal beter kan gaan in die groot verligting van hul las; en wie bowendien geduldig, sagmoedig en vol nederigheid en toewyding is, teen elke eis van die Wysheid in wat slegs van haar is; ja, om in staat te wees tot die krag om alle denkbare teenspoed te verduur in onbesorgde gelatenheid, selfs ten behoewe van andere. Dink of daar iets anders behalwe haar is wat "reg" genoem kan of gedurf word?

03] Sou jy daarby ook dink dat My Liefde altyd toegevoeg word tot die regverdige deel van die ware, vrye Wysheid, welke die enigste regverdige Wetgewer is, wie alles ten beste orden, alles deurlig en sorg dat alles deeglik begryp word - ja, as My Liefde aldus iewers ten gronde gaan, daar geld dan ook die ware Reg. Maar waar dit nie so is nie, daar is ook geen reg nie, maar net die rou teenoorgestelde. So 'n (on-)reg berus dan op eie-liefde en is in sy ware natuur niks anders as iets soortgelyks aan 'n menslike vuis - of roofreg nie. En as dit dikwels vir die geestelike blindes uiterlik lyk soos Liefde, is dit niks anders as self-liefde uit die Hel nie.

04] Jy sien, die self-liefde, leer julle dan moeisaam, bietjie vir bietjie, om jul behoeftes te erken en die voordeel van julle optredes, en laat julle besef watter middele benodig word om jul omstandighede aan te pas, op so 'n wyse, dat julle jul naaste soveel beweegruimte toelaat, wanneer hul in grote nood is, as 'n voël in 'n hok of 'n vis in 'n vistenk. Vanuit hierdie oorheersings- of eerder roof- standpunte, word op allerlei maniere tallose wette ingegee, in groot getalle, en wat vermenigvuldig, afhangende van die immer groeiende, vanuit self-liefde gedrewe, welvaart behoeftes. Dat hulle streng gehou moet word, word verseker deur kerkers, kruit en die dood. Soms bring die self-liefde ook die slawewette voort, sodat hulle hulself nie onder mekaar afsloof in die lang nag van wanhoop, waardeur die sogenaamde soustrein ook skynbaar iets blyk te baat, en dan swyg, omdat hy nog steeds toegelaat word om iets te geniet van die bietjie wat nie meer geskik is vir die tafels van die regeerders nie.

05] Nou kyk, dit laat dikwels mense noodwendig My liefde verlaat en selfs na die eieliefde gryp om kwaad te doen in die kleine, soos wat die grotes in die grote doen, wie lieg, steel, roof en vermoor, en wat daarbenewens ewe parmantig My wette verneder tot in hulle ontlasting in, om hulself daardeur 'n sogenaamde, deur My vervloekte, "morele dekmantel" te gee. Wee hulle! Daardeur word die blindes verblind, maar Ek kyk dwarsdeur hul streke en maak dit bekend aan My kinders wat begin het om My te soek.

06] Daarom raai Ek julle aan om ywerig na My Liefde te soek, waarin alle Wysheid woon, waaruit jy eers 'n baie regverdige mens kan word, in die wyse onderhouding van die nie-geringe amp wat aan jou toevertrou is, nie onfeilbaar nie, waarlik ten goede van jou baie broeders en susters!

07] En glo My vas: alles wat die Wysheid jou uit My Liefde sal leer om te doen, sal jy ongehinderd deurvoer, en jy sal nie in die minste geskaad word nie. Want, waar Wysheid gebied, daar het jy ook van My die beste vermoëns tot jou beskikking, in groot hoeveelhede.

08] Dit sê Ek, die Ewige Liefde, in die tussentyd tot julle, net deur My swak dienaar, wat 'n gewillige skrywer is en min vrees vir mense het, aangesien hy My nou van nader ken. amen.

## AVE MARIA (26.04.1840) HIM1.014

**Bid direk tot of Maria? Probleem met die Ave Maria en Bidsnoer gebede (26.04.1840)**

01] Kyk, almal van julle se plig is, was en sal vir ewig wees, die Liefde, dit is, die reine, Goddelike liefde in julle **aan My** en op dieselfde wyse, aan al julle broeders en susters.

02] Volgens die mate van hierdie Liefde van My in julle, sal aan julle gegee word deur My, vir wie Ek in My hele Wese die Liefde Self is. Julle is, as jul My liefhet met al jul krag, almal geliefde kinders van My Liefde – dit wat ook Maria, die moeder van My aardse

liggaam, bevrug het. Maar hierdie **aardse Liefdeswese (as Mens) is 'n ware Broer vir julle** en sterk genoeg om julle almal te dra as boeties en sussies met alle geduld en sagmoedigheid, en julle te lei as volwasse Broers en Susters. En wie na die Vader wil gaan, **wend julle tot My,** as die Vader se groot Liefling, wat die enigste ware Broer vir julle is, gevul met die hoogste Liefde en Wysheid. En so het julle nie nodig om julle te wend tot enigiemand anders, as slegs na My, in al julle sorge en behoeftes!

03] Kyk, die groet aan Maria het (volgens die toenmalige verkondiging) gekom vanaf die allerhoogste Verhewendheid van die Heiligheid van God, in al die volheid van die Mag en Krag van Sy Gees, sodat die Liefde in die Vader vir julle almal 'n ware Broer kan word vir. -Wel, vra jouself nou af, wat wil jy bereik met hierdie Begroeting? - Maria het dit nie nodig nie en het ook geen dors daarna nie. En sy wis ook die beste as julle almal, dat My oor skerper is as haar ore, en My oog helderder as hare; ook dat My liefde, nederigheid, en sagmoedigheid die Liefde, nederigheid, en sagmoedigheid van almal vernietig, selfs van die mees geseënde geeste van die hemel.

(Voortsetting) 04] Waarlik, jou onkunde en jou growwe dwaling sou aan jou (Maria, Ed.) net verdriet besorg, as Ek dit nie altyd, uit My buitengewone groot Liefde vir julle, wat weer tot julle of aan 'n ander geseënde broer van julle gerig is, hoflik en voorkomend op Myself geneem het nie. Kyk, daarom maak Ek die ore van die geseënde doof (teen sulke ontoepaslike verering), en verblind hulle oë, sodat hulle geluksaligheid nie vertroebel mag word deur julle groot dwaasheid nie.

05] Elkeen **wat My soek**, Maria sal ook in hom vreugde hê, en so ook al die geseëndes. En hulle sal altyd gewillig wees **om Hom te dien** volgens My Liefde in hulle, waaruit hulle sal weet waar en waaraan dit hulle ontbreek. Daarom is dit ook nutteloos om genade elders te soek, as net deur My, want slegs Ek alleen is die Deur tot die Vader, by Wie alle genade inwonend is. Hy wat deur My nie gaan nie, kan nie daar inkom nie.

06] Jy kan inderdaad nou kyk na alles wat verband hou met My Menswording, met die grootste respek en Liefde, en daardeur laat Ek julle alle lotsbestemminge van My grote barmhartige Liefde sien. En dit sal vir My so aangenaam wees. - Maar as julle kletsgebede daarvan wil maak, het julle gek geword, of is jul so gemaak deur die groot blindheid van die blinde leiers en is julle bedrieg deur die bedrieërs.

07] Maar Ek het julle nou van Myself in die grootste waarheid getoon, hoe sake staan. En so moet julle ook daarvolgens handel, as julle ware kinders van dieselfde goeie Vader wil wees, en ware broers van die Seun van Maria, Wie julle liefhet, soos julle My liefhet. - Amen.